Curriebeker Update

Pumas vs Griekwas

In Nelspruit het dit met rustyd gelyk of die skrif heeltemal teen die muur was met die Griekwas wat met 34-7 voorgeloop het. Die Pumas het egter veggees en karakter getoon om uiteindelik die wedstryd met 40-33 te verloor. Die wedstryd was 'n vertoonvenster vir Curriebsekerrugby, aldus die twee afrigters van die onderskeie spanne.

Lions vs Leopards

Die kleiner kat het die groot kat lelik skrik in die maanhare gejaag op Coca-Colapark! Met tien minute se speeltyd oor, was die wedstryd gelykop met die telling 36 elk. Die Leeus het egter kalm gebly en 'n Luiperdkarkas deur die drif getrek om uiteindelik met 53-36 te wen.

Sharks vs Cheetahs

Die Haaie lewer 'n voortreflike spel en wen 'n baie opwindende wedstryd met 43-34 in Durban. Die Haaie begin tande en vinne wys en die ander spanne sal moet katvoet loop! Die Cheetahs het verwoed terug geveg, maar die agterstand was net te groot om in te haal. Nege drieë is in die wedstryd gedruk en weer is getoon hoe opwindend Curriebekerrugby is!

WP vs Blou Bulle

"WP…jou lekker ding!" Op Nuweland, Kaapstad, is die Blou Bulle 'n drag slae toegedien wat hulle seer sekerlik so gou moontlik sal wil vergeet. Die Kapenaars was in alle fasette die Bulle voor. Die twee WP flanke, Siya Kolisi en Rohan Kitshoff, was die angel in die Bulle se vlees. Hulle was vernietigend en klinies en lewer puik spel vir hul span. Die WP wen die noord/suid derby met 35-7.

Nag ou grote...

Twee Nasies of Drie Nasies?

Drienasies: All-Blacks vs Springbokke

In Wellington is die Springbok letterlik en figuurlik afgeslag… dit is eerder dalk afgelag? Volgens Div is daar 'n paar pluspunte… Die "paar" is seker die spel van Gerhard Mostert en Juan Deysel, want dit is seker een van die rampspoedigste Springbok vertonings ooit.

Volgens Naas Botha is die All-Blacks onder die meeste druk want die Wêreldbeker word op hulle tuisbodem beslis en die Nieu-Seelandse rugby publiek praat net bekertaal. Om met 40-7 te verloor twee maande voor die Wêreldbeker toernooi begin, is angswekkend! Div en kie sal 'n hele paar groot hase en konyne uit 'n paar hoede moet optower om enigsins saam met die groot honde te kan blaf.

Die All-Blacks en die Wallabies speel nou teen mekaar en dit beloof om 'n wedstryd van gehalte te wees. Soos iemand vroeër in die week op 'n droë manier te sê gehad het, "die wedstryd sal 'n hoogtepunt wees in vanjaar se twee-nasie kompetisie!"

Luipies verdien hulle kolle...

Die Luiperds se Philip de Wet is te laat om Bandise Maku te keer - *Foto: Gallo Images*

Potchefstroom – Die Luiperds het Saterdag op Coca Colapark uiteindelik hul kolle verdien met hul vyf drieë in hul nederlaag van 53-36 teen hul ouboet, die Leeus, wat agt keer in die drieëfees gedruk het. Die Potchefstromers was stadig uit die blokke terwyl die Leeus teen 'n snel tempo weggespring en vinnig hul bonuspunt vir vier drieë gedruk het.

Na die Leeus se derde drie het die Luiperds se Philip de Wet 'n skop afgestorm en ook sy eerste van twee mooi drieë gedruk. Hierna het eers Deon van Rensburg vir sy eerste van twee vir die dag, en toe ook Baywatch Grobbelaar gaan druk voor Van Rensburg sy tweede kort voor rustyd teen sy ou spanmaats gedruk het. En toe Vainon Willis op die halftyd se fluitjie druk om die telling 29-15 te maak, was dit al duidelik dat die besoekers nie sommer gaan opgee nie. Die tweede helfte het behoorlik vir vuurwerke gesorg met die Luiperds wat vir die meeste opwinding gesorg het.

In een beweging het Charl Weideman feitlik van sy eie doellyn af begin hardloop, Danie Dames het sake verder gevoer en is kort voor die doellyn platgetrek en De Wet het opgeduik om weer af te rond. Die ou strydros Wikus van Heerden het agter die doellyn gaan kuier waarna die nuwe Luiperd-kaptein Morné Hanekom met Clayton Durand van die veld af is en sy manne aangespoor het om uit alle rigtings te hardloop. Dit het uitgeloop op verspotmaklike drieë deur Dames en Whestley Moolman. Die Luiperds het hul beste vertoning tot dusver gelewer en kan trots wees op die vyf drieë teen 'n groot unie.

Morné Hanekom kry die oud-Luiperd Michael Bondesio beet - *Foto: Gallo Images*

Elite Bowling Camp with Allan Donald

Back Fltr: Gordon Parsons (Highveld Lions Bowling Coach), Allan Donald (Bowling Consultant), Jacques Faul (CEO NWC), and Dr. Jaco Peens (Coaching Co-ordinator NWC) *Front Fltr:* Hendrik de Vos (U/19 NWC Coach), Monty Jacobs (NWC Dragons Coach).

Potchefstroom – North West Cricket hosted an Elite Bowling Camp at Senwes Park on Thursday 28 July and Friday 29 July 2011.

School children participated in coaching sessions on Thursday and Friday afternoon. The North West Dragons players had a coaching session on Friday morning. Allan Donald (Bowling Consultant) lectured the players on what is to be expected from a bowler. A bowling session and video analysis was also done. "Having Donald here was a huge privilege.

The knowledge and experience he brought to the camp will be very beneficial to all who attended the camp," said Jaco Peens, (Coaching Co-ordinator NWC).